## Ons Stigting

Daar is al baie geskryf oor hoe en waarom hierdie land werklik ons land is. Feit is, God het hierdie land aan ons gegee. Hy het gewil dat die vesting wat Jan van Riebeeck in 1652 hier kom oprig het, staande gebly en uitgebrei het.

Uit menslike oogpunt kon dit netsowel die Portugese gewees het wat die halfwegstasie hier gevestig het. Dan was die Kaap Rooms-Katoliek.

Netso maklik kon dit Brittanje gewees het, ‘n groep Engelse skipbreukelinge het selfs vir ‘n jaar of wat ‘n fort aan die Kaap gehad en die Kaap geannekseer. Dan sou die Kaap Anglikaans gewees het. Brittanje wou op daardie stadium egter niks met die Kaap te doen hê nie, en die anneksasie is nooit deurgevoer nie.

Maar was dit die Hollanders. En die eerste, grondslagleggende Goewerneur is Jan van Riebeeck. ‘n Protestant, getroud met ‘n vrou van Hugenote-afkoms. So word die Protestanse-geloof hier gevestig.

Later, na die Engelse die Kaap oorgeneem het, was die Xhosa-invalle nie die hoofoorsaak waarom die Voortrekkers getrek het nie. Nee, dit was die feit dat daar Engelse predikante in die kerk ingevoer is.

Dié predikante het nie die evangelie verkondig nie, maar hul eie stories opgedis. Hulle wou die rasse lyne uitvee, deur wit en swart op dieselfde kerkbanke te laat sit. Hulle het ‘n bespotting van onse Here se Woord gemaak.

Daarom móés ons voorouers trek. Om die behoud van hul nageslag, die behoud van die suiwere geloof.

Soos vele skrywers dit al uitgewys het, het ons voorouers die land hier bo, leeg gevind. Maar waar hulle wel swartes gevind het, het hulle onderhandel.

Twee Swart-stamme het egter slinks te werk gegaan, vooraf mooi woordjies gepraat en agteraf vermoor en vermink. Die Zoeloes en die Matabeles is gestraf, omdat hulle die 6de gebod oortree het.

So het die Voortrekkers dan ook die Gereformeerde geloof hierheen uitgedra en toegepas. Hulle was aan die swart-stamme ‘n voorbeeld van wat dit is om jou Christelik konsekwent te gedra. Daarom het die swart-stamme hier hulself aan die ‘baas-skap’ (beskerming en sorg ingesluit,) van die Trekkers onderwerp.

Keer op keer het vyande gekom en gesê: “Hierdie volk mag nie bestaan nie!”, maar keer op keer het God dan geantwoord op ons smeekgebede en gesê: “Hierdie volk sál bestaan.”

Soos mnr. Jaap Marais gesê het: “Die Afrikaner het hierdie land in pag ontvang as die erfgoed wat aan sy kinders behoort. Die land het hy van geen Swarte gesteel nie: met al die erkende norme van besitreg het hy hierdie land syne gemaak. Die land is gekoop, verower, aan die verwoesting ontworstel, met sweet en inisiatief ontwikkel en opgebou as sy vaderland.”

………..

Vir meer inligting oor Vegkop en die straf-ekspedisie op die Matabeles, volg gerus hierdie skakel: http://www.anbsa.co.za/vegkop-en-die-strafkommando-teen-msilikaats/